

**N.G. Gemeente Vaalpark**

**Gebedsbulletin no 38**

**20 September 2026**

# Die Wonderlike Werk Van Die HEILIGE GEES (1)

Paulus skryf in1 Kor 6:19-20 dat ons tempels van die Heilige Gees is. God het deur Sy Gees in ons kom woon. Om hierdie beeld beter te verstaan kan ons na die tempel kyk wat drie vertrekke gehad het: die Voorhof, die Heilige en die Allerheiligste. Net so bestaan ons ook uit liggaam, siel en gees.

**Die Voorhof**

In die Voorhof was daar 'n brandofferaltaar en die Waskom. Die brandofferaltaar het gewys dat niemand in God se teenwoordigheid kan kom sonder 'n offer waardeur versoening vir sonde gedoen is nie. Die offergebeure was ernstig en heilig. 'n Dier het sy lewe prysgegee vir die persoon wat dit as offer gebring het.

Die volmaakte offer

In die NT leer ons dat die kruis van Jesus die finale en volkome offer vir ons sonde was. Sy bloed reinig ons van alle ongeregtigheid wanneer ons ons sonde bely (1 Joh 1:9). God wil ons nie net vergewe nie, maar ons ook bevry van die pyn, onreg en gebrokenheid wat met sonde saamgaan. Ons is bestem om rein en heel in liggaam, siel en gees te wees.

Vry in Sy teenwoordigheid

Die waskom is volgens Eks 38:8 van koperspieëls gemaak. Dit herinner ons daaraan dat ons in die lig van God se teenwoordigheid kan word wie Hy ons bedoel het om te wees. Deur Christus se verlossingswerk kan ons vry wees van die foute van die verlede en heel word van dit wat mense aan ons gedoen het.

**Die Heilige**

In die Heilige was die tafel met die toonbrode, die lampstaander en die wierookaltaar. Die toonbrode was 'n simbool van gemeenskap met God. In die Bybelse tye het 'n maaltyd gedui op intieme saamwees. Wanneer die priesters vars brode op die tafel neergesit het, kon hulle die vorige week se brode eet. So het hulle as't ware 'n maaltyd met God geniet.

Die Brood van die lewe

In die NT leer ons Jesus ken as die Brood van die lewe. Hy sê dat elkeen wat na Hom toe kom nooit honger sal kry nie (Joh 6:35). Net Jesus kan die diepste honger in ons hart vul. Daarom moet ons tyd met God deurbring en ons voed met Sy Woord.

Ware aanbidding

In 1 Kor 2:9-12 lees ons dat God se Gees ons in God se geheimenisse inlei en ons help om te verstaan watter wonderlike geskenke ons ontvang het. Die wierookaltaar was by die ingang van die Allerheiligste. Dit wys op aanbidding. In Joh 4:23-24 sê Jesus dat ware aanbidders die Vader in gees en waarheid aanbid. Vra die Heilige Gees om jou te lei in opregte Geesaanbidding (Rom 8:26-27; Ef 5:18-20). (vervolg)

## Gemeente en algemene voorbidding:

- Vir ons predikante en hulle gesinne. Vir al die werksaamhede van ons gemeente.
- Vir 'n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied. Sý plan vir SA. Dat Sý Koninkryk en geregtigheid eerste gesoek sal word.
- Dat ons 'n biddende gemeente sal wees, met 'n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Vir ons jeug. Vir hulle geestelike, emosionele opvoeding en gesondheid.
- Vir God se plan in al die gebeure regoor die wêreld.
- Vir bemoediging van Sy kinders wat vasgevang is in oorloggeteisterde en natuurramp gebiede.
- Vir die plaaslike verkiesing.

## Gebedsversoeke

- Lottie Conradie
- Annie Brink
- Juanita Rossouw
- Jillian Jansen
- Tannie Sannie Wentzel
- Jaap Naudé
- Madelein Els
- Debbie Fourie
- Charles Strauss

Hettie Singleton
Adri Botha
Janine Vorster
Wessel Louwrens
Ansie Harrison
Annamie Reynolds
Wildie Meiring
Martie van Staden

## Gedagte vir die week

**Net Jesus kan die diepste honger in ons harte vul.**

## Gebedsversoeke aan:

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org